Namibian Brahman Breeders Society
P.O. Box: 11790 Tel: 061-240573
Windhoek Fax 088643348
www.brahman.iway.na brahman@iway.na

President: S. Schneider

Kriteria en riglyne vir die opleiding van Beoordelaars en Keurders binne die NBBS.

Stap 1.
Basiese opleiding en oriëntering. (1 Dag)
Deelnemers moet na afloop van die dag met die volgende vertroud wees.

- Basiese kennis van die ras
- Teelbeleid soos neergelê deur die genootskap
- Minimum rasstandaarde
- Fenotipiese evaluering van ’n bees
- Vertroud wees met benaming van liggaamsdele
- Goeie en swak diere kan onderskei
- Kennis neem van genetiese evaluasie
- Om dit te bereik moet daar voldoende opleidingsmateriaal beskikbaar wees.
- Kursusleier se verantwoordelikheid is ‘n skriftelike verslag in te dien
- Na voltooiing van bogenoemde kwalifiseer kursusgangers vir ’n Keurder- en Beginner Beoordelaarskursus.

Stap 2.
Keurder – en Beginner Beoordelaarskursus (2 Dae)

- Behalwe kennis soos verys in stap 1, word kandidate blootgestel aan beoordeling van klasse, waar alreeds redes vir plasing gegee moet word met die klem op wenslike eienskappe asook diskriminerende fenotipiese afwykings.
- Kursusgangers sal moet blootgestel word aan die klassifikasie van Brahmane soos vasgelê in die keurkaart en moet eienskappe ook volgens die keurkaart kan evalueer. Punte moet toegeken word vir die evaluering van diere as volg, 50 % vir plasing en 50% vir die bespreking.
- Teoretiese toets wat insluit die benaming van liggaamsdele en rasstandaarde sal afgelê word.
- Moet basiese kennis hê van teelwaardes en die aanwending daarvan.
- Om die Keurder- en Beginner Beoordelaarskursus te slaag moet ’n slaagsyfer van 70% behaal word, wat sal bestaan uit 50% vir die plasing van die diere (prakties in kraal) en 50% vir die teoretiese toets.
- Na suksesvolle voltooiing kwalifiseer die kandidaat om as leerling/assistent keurder op te tree saam met ‘n reeds gekwalifiseerde keurder.
- Die leerling/assistent keurder moet ten minste een jaar en ‘n minimum van 100 diere keur saam met twee gekwalifiseerde keurders voor bevordering.
- Na die inhandiging van ‘n positiewe skriftelike verslag deur die senior keurder waarin die bevoegdheid van die leerling/assistent keurder om diere op sy eie te keur beaam word, sal die persoon bevorder word na Keurder.
- Persone wat hierdie kursus slaag word nog nie toegelaat om as beoordelaars op skoue op te tree nie, maar daar word sterk aanbeveel dat hulle as ring-gidse en ander “assistent“ personeel tydens skoue ingespan word, om sodoende waardevolle ondervinding van die werking van ’n skou te bekom.

Stap 3.
Junior Beoordelaar Kursus (2 Dae)

- Na voltooiing van die minimum vereistes soos neergelê in stap 2 kwalifiseer kandidaat om aan ’n junior kursus deel te neem.

- Hierdie kursus moet deur ten minste 2 senior beoordelaars wat gereeld die beoordelaarskonferensie bygewoon het aangebied word.
- Tydens hierdie kursus moet die kandidate ten minste 6 klasse beoordeel met bespreking van plasings. ’n Punt uit 10 sal vir elke klas toegeken word wat sal bestaan uit 5 punte vir die plasings en 5 punte vir die bespreking.
- Hulle sal ook vertroud moet wees met die basiese riglyne vir beoordelaars ten opsigte van pligte en gedragskodes. Daar sal ’n teoretiese toets oor hierdie gedeelte wees tydens die kursus.
- Om die Junior Beoordelaarskursus te slaag moet ’n kandidaat ’n gesamentlike slaagsyfer van 70% behaal wat bestaan uit 60 punte vir die beoordeling van die klasse en 20 punte vir die teoretiese toets en 20 punte vir ‘n algemene indruk.
- Na voltooiing met ’n slaagsyfer van 70% moet hulle verder keuring doen en word hulle nou toegelaat om as junior beoordelaars, verkieslik saam met ‘n senior beoordelaar, tydens skoue en opleidingskursusse op te tree.
- ‘n Deeglike kennis hê van teelwaardes en die toepassing daarvan.
- Senior beoordelaars tydens die kursusse en skoue gee skriftelike verslag en aanbeveling aan die raad.

Stap 4.

Kandidaat Senior Beoordelaar (2 Dae)

- ’n Junior beoordelaar moet die Kandidaat Senior Beoordelaarskursus slaag en twee skoubeoordelings suksesvol afhandel om as kandidaat senior beoordelaar te kwalifiseer.
- Tydens hierdie kursus sal daar minstens 7 klasse beoordeel moet word waarvan die laaste klas ’n kampioenskapsklas sal wees.
- Tydens beoordeling van bogenoemde klasse moet die aspirant kandidaat senior beoordelaar van die plasings bespreek voor die res van die kursusgangers asof in die skou ring.
- ’n Punt uit 10 sal vir die beoordeling van elk van die 6 ouderdomsklasse toegeken word wat sal bestaan uit 4 punte vir die plasings en 6 punte vir die besprekings.
- ’n Punt uit 10 sal vir die beoordeling van die kampioenskapsklas toegeken word wat sal bestaan uit 4 punte vir die plasings, 6 punte vir die bespreking.
- ’n Teoretiese toets sal afgelê word wat sal handel oor alle aspekte van beoordeling wat insluit die gedragskodes van beoordelaars, rasstandaarde, skou prosedures, ens.
- ’n Slaagsyfer van 75% sal vir hierdie Kandidaat Senior Beoordelaar Kursus behaal moet word, wat sal bestaan uit 60 punte vir die beoordeling van die klasse en 20 punte vir die teoretiese toets en 20 punte vir algemene indruk.

Stap 5.

Senior Beoordelaar

- Senior kandidate moet minstens nog 2 skoue as beoordelaars saam met Senior beoordelaars optree.
- Senior kandidate moet tydens hierdie skoue geëvalueer word en na afloop van elke skou moet die betrokke Senior beoordelaar(s) ’n evaluasie vorm invul.
- Moet by ten minste 2 kursusse optree as aanbieder saam met ‘n kursusleier.
- Word tydens die aanbieding van bogenoemde kursusse deur ’n Senior beoordelaar geëvalueer t.o.v. hulle vermoë om ‘n kursus aan te bied. Die belangrikste taak van ‘n Senior Beoordelaar is die opleiding van persone as beoordelaars en keurders en dus moet ‘n Senior Beoordelaar oor die vermoë beskik om ‘n kursus aan te bied en te ly. Na afloop van die kursus moet die kursus leier ‘n skriftelike verslag indien oor die Kandidaat Senior se vermoë t.o.v. die bogenoemde en slegs na twee aanbevelings sal die Kandidaat Senior in aanmerking kom vir bevordering.
- Alle aanbevelings vir bevordering moet deur die raad bekragtig word.
- Alle kostes wat gepaard gaan met opleiding is die kandidaat se eie verantwoordelikheid.
- ‘n Senior beoordelaar van ‘n ander ras kan by Stap 3 intree om as Brahman beoordelaar te kwalifiseer.
- ‘n Junior beoordelaar van ‘n ander ras kan by Stap 2 intree om as Brahman beoordelaar te kwalifiseer, maar sal nog steeds assistent keurder bly tot hy/sy 100 diere saam met ‘n senior keurder gekeur het en deur hom aanbeveel is.
- ‘n Buitelander, RSA uitgesluit, kan tydelik as gas-beoordelaar deur die raad aangestel word.